

'Nuwe Lewe of 'n Verbeterde Lewe

Deur Stephen Kuhn

Christenwees. Wat is dit? 'n Nuwe Lewe of my verbeterde lewe?

Rom 7:18: Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.

Ons godsdiens het vir ons geleer dat ons onself moet beter maak deur selfpoging. Ons moet ons lewens verbeter sodat ons beter Christene kan wees en heilig kan word in wie ons is.

In bogenoemde teksvers skud Paulus ons godsdienstige oortuigings deur vir ons te wys dat ons onself nie kan verbeter nie.

Omdat ons nie geweet het waarvan Paulus praat nie - het ons gedink dat Christenskap beteken dat ek myself moet verbeter..... en baie gelowiges hou soveel skuldgevoelens en geestelike minderwaardigheid oor - omdat hulle voel soos slegte Christenmense.

Party kere voel ek heilig en ander kere voel ek so skuldig oor my onvermoe om 'n goeie mens te wees.

Ons het nie geweet dat ons vlees nooit goed kan wees nie.

God plaas die eerste 2 mense in die tuin.... En Hy se vir Adam en Eva.. Hier is 2 bome...kies!!! - Maar julle mag nie van die Boom in die Middel van die tuin sit nie.

So op n ligter not eht ek al gewonder: miskien moes Vader die boom nie so in die middel gesit het nie

Hoekom laat God die mens kies?

Ons het altyd gedink dis om die mens te toets...of...om te sien of die mens Hom kan gehoorsaam.

Maar in sy ewige voorkennis het SkepperGod geweet wat die mens gaan doen - nog voordat die mens geskep was.

Nou hoekom laat God die mens kies?

Hoekom laat God die sondeval toe??

- Hoekom struikel ons nog??

Die Vader wil die mens iets te leer van himself en dit is om vir die mens te wys dat daar in hom niks goed woon nie.

- Sodat die mens kan beseef wie hy is.

It was not about probation (om die mens deur 'n wet te supervise of om sy karakter te toets nie) - but about education

Hierdeur moes die mens uitvind:

1. dat die mens in homself nie goed is nie.
2. Dat die Here nie van die mens verwag om te wees wat hy nie is nie
3. God het GEEN verwagting dat die mens in homself kan slaag nie

Die mens was in die tuin gesit om hierdie basiese feit van sy menswees te verstaan, sodat die mens tot homself kan kom en bely - EK WEET DAT DAAR IN MY VLEES NIKS GOED WOON NIE.

Jesus het elke mens bedoel toe Hy gese het - Daar is NIEMAND goed nie....

Die mens is nie GESKEP om goed te wees nie.

Die mens is geskep as 'n lee erdekruik - 'n lee houër -

Die mens is geskep om bewoon te word. Om gevul te word deur die enigste GOEIE EEN in die Univers.

God vat 'n deel van Homself wat Hy die Seun noem en plaas dit in die mens om die mens se Lewe te wees. Net die lewe van die Seun kan die Vader beïndruk.

Ons vader stuur die Heilige Gees om aan ons te kom openbaar dat die mens nie sy identiteit moet gaan soek in sy eie vermoens en stamboom nie, maar in die Lewe van Christus in Hom.

Die mens sou dit nooit op sy eie uitvind nie, hy wil eerder godsdienstig wees en by die boom van kennis van goed en kwaad kuier om homself te probeer aanvaarbaar maak.

Adam kyk nie eens na die boom van die Lewe nie....

Adam het nie gevoel dat hy dit nodig het nie

Hy het nie gedink hy het genoeg lewe in homself.

Hy het gedink hy het genoeg krag in homself om te leef.

Hy was mislei deur te dink - EK is 'n onafhanklike self, wat self kan verbeter deur te weet wat reg en verkeerd is en dan die goeie te doen.

Die mens sou 'n lang pad deur die Ou testament moes stap om te leer dat daar nie soiets is soos die verbetering van myself nie.

Om die waarheid te se, die mens wil nie hierdie les leer nie.

Vandag steeds dink die mens hy kan soos God word deur sy goeie werke, sy Selfverbeterings programme, soos: Ontdek JOU potensiaal

Heirdie selfverbeteringsprogramme word in kerke en in die sosiale gemeenskap aangebied. Die focus is op die verbetering van SELF, die vleeslike, die EK.

Buite die kerk word Meditasie, Joga en vele ander programme aangebied om die innerlike SELF te ontdek.

Dis satanies - want in die mens se vlees is daar niks goed nie.

Godsdien is boos, want dit sien nei die Nuwe Lewe van Christus in wedergebore mens enie, maar wil die SELF beter maak, so asof heilgmaking iets is wat ons kan verdien.

So God se bevel aan Adam om te kies en om die boom van die Lewe te eet - was sodat die mens 'n essensiele waarheid omtrent homself kan leer:

WAT WAS DIT???

-Die mens is bestem om te misluk.

- Die mens is nie bestem om in homself goed te wees nie.

-Daar is GEEN onafhanklike EK wat deur 'n wilsbesluit goed kan word nie.

- Die mens het 'n heel ander Lewe nodig.

Die Nuwe Lewe van Christus in hom as sy eie lewe.

Die sondeval was die enigste manier hoe Adam tot die slotsom sou kom dat daar iets fout is met die mens EN dat die mens nie sy lewe kan verbeter nie - maar 'n heel nuwe Lewe nodig het en dat die mens 'n offerlam nodig het.

Daar was die Boom van die Lewe.... 'n tipe van Jesus Christus..

God sê van Hom: *Wie die Seun het het die Lewe.*

SkepperGod ken die mens en Hy weet..... die mens het niks minder as die Lewe van God self nodig nie.

Adam moes die Boom van die Lewe geeet het - en daardeur sou hy leer dat die kleine gees van die mens die fantastiese vermoë besit om God self te ontvang in hom.

Die maagd Maria bevestig hierdie feit. 'n Mens kan God bevat.

God wil he ons moet weet : Daar is niks goed in ons vlees nie - so dit help nie jy probeer jouself aanvaarbaar maak nie.

Daar is net een lewe wat God kan behaag en dit is die Lewe van Sy Seun - Jesus Christus.

Hierdie waarheid bevry 'n mens van performance en die frustrasie van *probeer en val - streef en misluk - streef en struikel*

Hierdie Univers bestaan terwille van een Misterie - naamlik dat God en mens een gees kan word... sonder dat die mens sy individualiteit verloor.

God en mens kan in mekaar woon.

Hulle kan in mekaar bestaan

Hulle kan in mekaar funksioneer in 'n ewige eenheid.

Hierdie goddelike eenheid is nie sommer maar net so-so nie.

Dit is bo enige menslike verduideliking, maar die Heilige Gees gebruik 'n paar menslike begrippe sodat ons iets daarvan kan verstaan.

2 Tim.2:21: *A vessel of honour, sanctified, useful to the master - prepared for good works.*

In Kor noem hy ons 'n erdekruik.

Jy is 'n *vessel* - erdekruik. Dis wat jy is!

Vessels en erdekruike is 'n lee objek wat geskep is om te bevat. - Dis 'n houer.

Die enigste waarde van die houer le nie in sy samestelling nie - maar in sy kapasiteit om te bevat...

Dis hoe God ons gemaak het

En as dit is hoe God die mens gemaak het - sal Hy toesien dat ons gevul word - en gevul bly.

Die houer kry sy waarde by sy inhoud.

Die beker is nie goed nie - sy goedheid le in sy funksie

Hy is nie goed genoeg om beter te raak in sy samestelling nie - Hy kry krake - die houer verblyk met die jare - verloor sy glans..

Hy is net goed genoeg om God in Hom te dra - dis sy enigste funksie - en in hierdie funksie kry hy sy waarde.

Ons word nie beter soos ons groei in Christus nie.... ons bly wat ons is.....vessels/houers.

Ons word nie beter nie

Ons word nie heilige nie

Ons word nie meer soos Jesus nie.

Ons bly net die houer – niks meer nie.

Dis soos 'n beker/kruik daar op die winkelrak.... Dis niks... Net 'n beker..... totdat iemand eienaarskap neem - dit koop - en waarde daaraan gee deur te sê - *Dis My beker waarin ek my skatte in gaan wegsteek.*

Nou kry die beker waarde - die inhoud maak die beker kosbaar.

U kan dus sien dat die beker nie soveel waarde het nie totdat die eienaar iets daarin sit.. Ons is niks - Hy is alles.

Hierdie alles van God in ons - gee aan ons waarde en karakter

Daarom kan ons nie mekaar veroordeel of kritiseer nie - want ons is almal eenders;

Ons is almal vlees

Ons is almal net houers

Ons samestelling is dieselfde: Vlees - waarin niks goeds woon nie

Ons kan nie vlees verbeter nie.

Ons kan mekaar net daarop attent maak dat ons bevoorreg is om houers te wees wat God kan bevat.

As ek na **die NIKS goeds van jou vlees** kyk en daarop reageer - Sien ek nie wat God sien as Hy na jou kyk nie

Maar as ek na jou inhoud kyk - na die Christus lewe in jou - dan is my waardasie van jou nie 'n vleeslike waardasie nie -

Ek veroordeel jou nie oor jou niks goed van die vlees nie - want ek het dit ook.....ek sien Christus in jou en dit bepaal my opinie en verhouding met jou.

Godsdiens het ons fokus op die vlees gaan sit.....en gese ... die vlees moet goed word....

Paulus bevestig dit in 2 Kor.6 as hy se - *Ons ken mekaar nie meer na die vlees nie* -

Ons meet nie ons waarde aan wat ons vlees is nie - So meet ons ook nie mekaar aan die niks goeds van die vlees nie

Want weet jy dan nie - dat in jou vlees is daar niks goed nie...

Nou moedig ek jou aan om n draer te wees van die nuwe lewe van Christus - want ek weet - Christus in my is my enigste hoop - Net soos Christus in jou ook jou enigste hoop is.

Net soos 'n koffiebeker nooit die koffie word nie - word my vlees nooit Christus nie. Dit bly die houer.

Nou waar pas ek dan in? Nerens.

Kol.3:11 sê: *Christus alles in my.*

Wat is ek dan? Niks

Wat is daar dan nou oor van my? Niks. Christus is alles

Waar kom self dan nou in?

Nerens.

Sy Self word my self - sodat ek kan sê - Ek is die bevatter en ek kry my hele identiteit - my hele lewe - en alles van my uit Hom wat in my is. -

Die skepping is nie geprogrammeer sodat een mens goed kan word nie..... Dis juis so geprogrammeer om vir jou te wys - net soos wat jy dink ek het my lewe bymekaar, ek is nie te sleg nie, dat situasies en omstandighede alles deurmekaar kom krap sodat jy self kan sien: *daar is niks in my vlees nie.*

Ons is nie bedoel om goed te wees nie - Ons is bedoel as sigbare houers vir 'n onsigbare God in 'n wereld waar sigbaarheid alles tel.

En daar lê ons geluk en ons vrede. Deur ons, ons lewens in Hom te verloor vind ons dit weer, maar nou is dit nuwe lewe, Sy lewe.

JY IS GESEEND OMDAT JY IN CHRISTUS IS. Groete